DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**14 Mei 2023**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jeseaja 6: 1 - 8 |
| **Tema** | ***Die Here maak ons bekwaam vir ons dienswerk*** |
| **Sang** | Psalm 98: 1, 2<br>Psalm 67: 1, 2<br>Psalm 130: 1, 2<br>Psalm 93: 1, 4<br>Psalm 134: 4<br>Psalm 145: 11, 12 |

Jesaja sien God se heiligheid. Hy hoor die serafs roep: "Heilig, heilig, heilig is die Here, Heerser oor alle magte!" God se heiligheid is al eienskap wat met driemalige herhaling beklemtoon word. Jesaja sien die totale andersheid van God. God is rein en getrou en volmaak soos dit by geen skepsel kan wees nie.

Ons sien vir Jesaja inmekaarkrimp: "Wee my, want ek is verlore." En sal God hom as onreine verdelg? Nee, ons sien God se genade. Die engel raak sy lippe aan met 'n gloeiende kool. Sy oortredinge word vergewe en sy sonde versoen. Jesaja mag voor God bly staan. En dit is ook waar vir jou wat in Christus glo. Deur sy bloed het ons vrye toegang in die hemelse heiligdom (Heb. 10:19-20).

En wat doen dit aan jou? Die Here vra: "Wie sal ek stuur?" en Jesaja kan dan sê: "Hier is ek, stuur my!" Jy kan ingaan na die troon van God om krag te kry. Jy kan met jou onreinheid en met jou onwaardigheid in diens van die heilige God gaan staan. Maar hoe kan dit? Want jy word deur Christus waardig gemaak.

Miskien is jy geroep as ouderling of diaken. Miskien lê die Here die skreiende nood van jou bure juis op jou hart. Miskien is dit jy wat iemand anders moet gaan vermaan. Sal jy kan gaan? Dit is die heilige God wat roep en bekwaam maak. Sal jy kan weier?

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Lynn O'Reilly wat na Pretoria-Oos hospitaal oorgeplaas is en 'n operasie moet ondergaan.

* Ons bid vir Harriet Kruger wat DV Dinsdag 'n knievervanging ondergaan. Seën vir jou en Marius.

* Ons bid vir Sandra Venter wat DV Maandag 'n hartondersoek ondergaan. Seën vir jou en Sieg.

* Ons is dankbaar dat Martie Maritz se knievervanging 'n sukses was. Ons hoop jy is gou weer op die been en sonder pyn en onge mak.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 14 Mei 2023

**Diensbeurt:** Wyk 2
**Ouderling:** Willie Eilers

**Katkisasie:** Les 10
**Diaken:** JN Beyneveldt

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




14 Mei 2023
Joanita Kuilder
Ziany Kuilder
Tegan Kuilder
Dienie Landman

**21 Mei 2023**
Heila Lessing
Alfrida Lessing
Marisa Linde
Marina vd Walt

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (So) 14 Mei | Na erediens | *Kerk* | Aktiwiteitskommissie |
| (Di) 16 Mei | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Di) 17 Mei | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




## *Verjaarsdae*

| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *Belydend / Doop* | *Sel/Tel no.* |
|---|---|---|---|---|
| (So) 14 Mei | Franco Lessing | 12 | D | 083 627 4751 |
| (Wo) 14 Mei | **Faan Korff** *<br>**Corrie Coetzee** * | **79**<br>**77** | B<br>B | 072 632 6702<br>083 613 1091 |
| (Do) 18 Mei | Egbert Mooi<br>Daleen Korff<br>Tavia Mooi | 67<br>52<br>49 | B<br>B<br>B | 083 310 6277<br>083 651 8601<br>083 310 6266 |
| (Vr) 19 Mei | **Bets Erasmus** * | **78** | B | 060 405 5932 |
| (Sa) 20 Mei | **Ernst Eloff** * | **72** | B | 083 299 8068 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (Ma) 15 Mei 2021 | Jan-Albert & Mariska Coetzee | 2 | 078 451 8425<br>083 444 8843 |
| (Vr) 19 Mei 1984 | Douw & Marietjie Venter | 39 | 082 932 9206<br>082 713 2780 |
| (Sa) 20 Mei 2017 | Jan-Carel & Melissa Oosthuizen | 6 | 079 522 1992<br>082 488 7577 |

# KOLLEKTES

**Kollektes Mei 2023**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**7 Mei Proponente Hulpfonds**~~
**14 Mei Instituut vir Christelike Onderwys**
**21 Mei Emeritaasversorging**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**U, Here, laat my lamp helder skyn;**
**my God gee lig as dit donker is om my.**

**Psalm 18:29**

# SUSTERS AKSIE (SOP-EN-SJERRIE-AAND)

***Die susters bied op 26 Mei om 18:00 'n Sop-en-Sjerrie-aand aan.***



Kom kuier en eet saam aan 'n verskeidenheid **heerlike soppe uit ons eie Dopper-kombuise.**

***Jou toegang vir hierdie aand is slegs JOU gunsteling pot sop. As jy tuis gemaakte konfyt het, bring saam sodat ons dit kan proe.***

***Skryf jou naam op die lys agter in die portaal*** as jy die onvergeetlike aand gaan bywoon en dui ook aan as jy jou gunsteling sop vir ons gaan maak.

***Onthou asb ook om jou eie eetgerei saam te bring.*** Sjerrie sal verskaf word, jy's welkom om ook jou eie drinkgoed saam te bring.

'n Donasiekassie sal ook beskikbaar wees vir die wat 'n donasie wil maak in plaas van om 'n pot sop te bring.

***Ons sien daarna uit om met almal 'n broodtjie te breek en lekker saam te kuier.***

# MOOTLITE-KAMP AMPTELIK

**Mootlite-kamp Amptelik**

In opdrag van Streeksinode Pretoria

mootlitekamp@gmail.com

Moot Lite "LITE DIE VUUR"

**Geagte kerkraad en diakonie**

**Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bied reeds vir 40 jaar die Moot - Skoolverlaterskamp aan. Uit hierdie kamp het die Mootlitekamp ontstaan, wat sedert 2012 baie suksesvol aangebied word.**

**Die Mootlitekamp is dus 'n amptelike kamp van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Vanjaar se kamp sal DV van 25 Junie- 30 Junie aangebied word. Die Kamp het ten doel om leerders van Graad 5-9 toe te rus om hulle Gerformeerde belydenis en geloof te kan uitleef tussen hulle vriende, en te kan staande bly teen die aanslae van die wêreld, natuurlik aanvullend tot hulle ouerhuise en hulle eie gemeentes.**

**Die kamp skep 'n ruimte waar kinders deur pret, spanwerk en samehorigheid hulle belydenis en Bybelkennis kan verbreed. Daarom behandel ons ook op die kamp hierdie jaar al die "EK IS"-UITSPRAKE, tesame met die Apostoliese Geloofsbelydenis, soos uiteengesit in Heidelbergse Kategismus Sondag 7-24.**

**Die belangrike saak van die waardevolle inhoud van ons geloof (gewisse kennis en vaste vertroue) sal veral 'n sentrale rol speel in die inhoud van die kamp.**

**Ons vra ook asseblief dat kerkrade die weg oop sien om hulle kinders aan te moedig om die kamp by te woon.**




**Inskrywings by https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSc3SHix-q3PomHEhUcNRYLKQ-aofoMxLPUnLhtge8WI48lUDQ/viewform?usp=sf_link**

**Vir enige navrae of onduidelikheid kan u gerus vir Ds Lohan Linde (0847875119) skakel.**

**Enige bydraes kan inbetaal word by:**


**GKWBS Mootlite**

**Absa Spaarrekening**

**9116 4825 49,**

**Verwysing: MOOTLITEKAMP**

# SKOLIESKAMP




Skryf hier in: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfh4AvdQv8ZEzQtY0PP1JffcCCbRzJMwC22JpXqS20k_Kvg6A/viewform

## AGAPE OMGEE GROEP

Dit is ‘n realiteit dat in vandag se samelewing **mense vereensaam en smag na geselskap en omgang met ander mense**, en om hierdie rede **het ons ‘n groep gestig om mense te besoek en by te staan wat afgesonder of eensaam voel, agv ouderdom / siekte / ander omstandighede.**




Vanaf die ontstaan van die groep het 12 lidmate hulle self bereidwillig verklaar om eensame lidmate te besoek. Ons is baie dankbaar vir die lidmate se liefdesdienswerk, en kan bevestig dat eensame lidmate die besoeke baie waardeer en geniet, en selfs uitsien na die volgende besoek.

Lidmate wat wil deel word van die Agape omgee groep word versoek om **Koemi vd Walt(082 459 3832) te kontak.**

**Ook doen ons beroep op lidmate wat besoek wil word, of lidmate wat kennis dra van sulke mense, om ook vir Koemi te kontak.**

## YSERTJIES - KOSPROJEK

Een van ons susters moes weens gesondheidsredes **onttrek van die Ystertjies kosprojek.**



**Ons is dringend op soek na 'n suster** wat bereid is om een maal per maand (op 'n Donderdag) kos te maak vir die Ystertjies van Laerskool Pietersburg-Suid.

Ons gebruik 'n beproefde en maklike resep.

**Kontak ASB vir Barbara Nagel op 083 260 9581 om by hierdie aksie betrokke te raak.**

## EFT BYDRAES

**Lidmate om asb kennis te neem van die volgende :**
Lidmate wat kerklike **bydraes per EFT oorsplasing maak MOET asb hulle verwysing as volg voltooi,** plaas jou naam en wyk nommer asook of die betaling vir kerkkas bydraes is of diakonie ens **(Voorbeeld : N Kotze W1 Kerkkas)**
Dit gebeur gereeld dat inbetalings per EFT gedoen word en as verwysing word slegs Kerkkas / bydraes of diakonie gegee en daar is geen aanduiding wie die betaling gemaak het. **Dit maak dit problematies om die fondse korrek te pos teenoor lidmate.**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Nie gemaak om alleen te staan nie:**

**Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand dit is die belangrikste en eerste gebod. En die tweede wat hieraan gelyk staan is: "Jy moet jou naaste liefhê soos jou self".**

**Mat. 22:37-39**



**Laat ons Sout & Lig**
**in hierdie wêreld wees**

**Die opdrag om lief te hê…**

**Baie mense voel geïsoleerd en eensaam, verstote en verlate**

**'n Opdrag van Jesus self: wees lief vir jou naaste**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Prediker 4:9

Twee is beter as een....
...as hulle val, kan die een sy maat ophelp

## Hebreërs 13:1

Die broerderliefde moet bly! Moenie versuim om gasvry te wees nie, want hierdeur het sommige, sonder dat hulle dit weet, engele as gaste ontvang.



## Praat saam….

Galasiërs 6:2

Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus

Wie ken jy wat alleen is?
Begin deur te bid vir die persoon,
'n boodskap te stuur, 'n besoek te af te lê, of geselsie te maak.
Wie staan alleen by die kerk?
Nooi die persoon saam Bybelstudie toe.
Gesels saam en nooi hul vir koffie of ete.

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| **Webwerf** www.gereformeerd.co.za | E-pos : admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Bankbesonderhede** Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Toe hoor ek die stem van my Heer wat sê:*
*"Wie sal Ek stuur*
*en wie sal vir ons gaan?"*
*Ek sê toe:*
*"Hier is ek, stuur my!"*

*Jesaja 6: 8*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS